**Saterdag 10 September**

**Skrifgedeelte: Matteus 16:13-19**
**Fokusgedeelte: Matteus 16:17**

## Dit wat ons bely, is aan ons gegee

U is nie maar net 'n profeet nie. U is ook nie net een van die grootste profete nie. U is die Christus, die Een wat God deur sy Gees gesalf het om sy volk te verlos en vir ewig koning te wees.

Nog meer merkwaardig is die feit dat Petrus ook bely: U is die Seun van die lewende God. Hier staan 'n man in vlees en bloed voor Petrus. 'n Gewese skrynwerker in sy dertigerjare. 'n Ware mens, maar Petrus bely van hierdie man: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Wat 'n enorme tydstip was dit nie in die bediening van die Here Jesus nie! Vir die eerste keer bely die kerk dat Jesus van Nasaret nie net nog een van die profete is nie. Hy is die Verlosser, die Christus, die Seun van God. Wat 'n wonderwerk.

Daarom word Simon "Petrus" genoem. Dit beteken "rots". Hy is nie die rots waarop die Here sy kerk sal bou nie. Hy is Petrus (rots), want hy het hierdie belydenis met oorgawe gedoen. Dis op hierdie belydenis dat die Here sy kerk sal bou.

'n Mens wonder egter: Hoe het Petrus dit van hierdie Man geweet wat hier voor hom staan? Die Vader Self het dit aan hom bekendgemaak. Vlees en bloed kon dit nie aan Petrus gegee het nie. Hierdie openbaring kom nie van die aarde af nie, dit kom uit die hemel. Dis deur God aan hom gegee om Christus te herken en te erken.

Dis die kerk se troos. Dit wat ons bely, is in God se groot genade aan ons gegee. Al lyk dit onmoontlik vir vlees en bloed om die waarheid te ken, God doen die onmoontlike. Hy bring sondige mense tot die erkenning van die waarheid!

Bely hierdie genadewerk van God in jou lewe met dapperheid en oorgawe. Leef 'n lewe waarin die wêreld kan sien dat jy bely dat Jesus die Christus is.

*Sing: Psalm 25:2*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Cachet)*